Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER

**Maart 2026**



"U is die God wat my sien..."
GENESIS 16:13

# MAART

## VROUE VAN GELOOF

**Sondag, 1 Maart**

Bid vir vroue van geloof wat ondanks verwerping en gevaar sterk staan. Bid dat hulle krag te midde van teëspoed sigbaar sal wees.

**Maandag, 2 Maart**

Jou voorbidding is ŉ reddingsboei. Bid vir Beatriz*, ŉ sendeling in ŉ gebied met ernstige vervolging in Sentraal-Mexiko, wat as die "Sirkel van Stilte" bekend is. Vra God om haar en haar gesin te beskerm.

**Dinsdag, 3 Maart**

Beatriz maak dissipels van ŉ groep vroue in Mexiko wat hul ware identiteit in God ontdek. Sy vra: "Bid vir die Sirkel van Stilte, dat ons dit eendag die Sirkel van Hoop kan noem."

**Woensdag, 4 Maart**

Concha* van Mexiko het Jesus deur Beatriz se vrouegroep ontmoet. Sy het verwerping deur haar familie in die gesig gestaar en selfs haar werk verloor. "Bid dat God my krag sal gee," sê Concha.

**Donderdag, 5 Maart**

Concha van Mexiko vra ons om vir haar kinders te bid, dat hulle "nooit moeg sal word daarvoor om Christus te volg nie. Bid vir vrede in hierdie dorp."

**Vrydag, 6 Maart**

Tree in vir moeders wat hul kinders grootmaak om Jesus lief te hê op plekke waar geloof verwerp word. Bid vir wysheid en geduld.

> **"Bid vir die Sirkel van Stilte, dat ons dit eendag die Sirkel van Hoop kan noem."**
>
> **—BEATRIZ, VROUEGROEPLEIER**

*Beatriz in Mexiko se Sirkel van Stilte.*




 **Name verander weens veiligheidsredes.*

**Saterdag, 7 Maart**

Bid saam met vroue wat uit hul huise ontwortel is. Vra God om hulle met vrede te vul wanneer vrees of twyfel ontstaan.

**Sondag, 8 Maart**

Vandag is Internasionale Vrouedag. Bid saam met vervolgde vroue in geloof dat hulle sal voortgaan om bakens van lig te wees in die moeilikste plekke om Jesus te volg.

**Maandag, 9 Maart**

Bid vandag vir Christen-vroue wat in Afganistan woon. ŉ Afgaanse vrou se lewe en gesin kan in ernstige gevaar wees as haar geloof ontdek word.

**Dinsdag, 10 Maart**

Bid vir Afgaanse vroue wat uit hul land na naburige lande gevlug het. Bid dat hulle veilige plekke sal vind om te woon en dat daar in hul behoeftes voorsien sal word.

**Woensdag, 11 Maart**

Ariana* (foto op voorblad), ŉ Afgaanse Christen-vrou wat buite die land woon, vra: "Bid dat Afgaanse vroue nie net sal oorleef nie, maar dat hulle soos Ester dapperheid en moed sal hê."

**Donderdag, 12 Maart**

Bid saam met Ariana en vra God om "die hart van elke persoon in Afganistan aan te raak sodat hulle tot geloof kan kom."

**Vrydag, 13 Maart**

Bid saam met Vannida*, ŉ weduwee van Suidoos-Asië wat ondanks geweldige swaarkry voortgaan om die Here te dien. Bid dat sy God se daaglikse teenwoordigheid sal aanvoel.

**Saterdag, 14 Maart**

Toe Vannida se* man geweier het om sy bediening in Suidoos-Asië te staak, is hy doodgemaak. Vra God vir selfvertroue terwyl sy die owerhede en haar familielede in die gesig moet staar.

**Sondag, 15 Maart**

Hef Geopende Deure se bedieningsvennote op, wat

*Vervolgde vroue word versterk deur Bybelse opleiding.*



saam met vervolgde vroue van geloof werk. Vra God om hulle te beskerm terwyl hulle God se mense dien.

## JEMEN

**Maandag, 16 Maart**

Bid dat gelowiges in Jemen op vervolging voorbereid sal wees. Hulle kan enige oomblik gearresteer word omdat hulle Islam verlaat het.

**Dinsdag, 17 Maart**

Toe ons plaaslike vennote die Jemenitiese gelowige, Majed* ontmoet het, het hy verwag om gearresteer te word omdat die regering die Kerk ernstig onderdruk. Bid vir krag.

**Woensdag, 18 Maart**

Verskeie van Majed* se Christen-vriende is gearresteer, en hy was druk besig om Bybelgedeeltes te memoriseer om vir tronkstraf voor te berei. Bid dat God se Woord vir hom standvastigheid sal bring.

**Donderdag, 19 Maart**

Vra God om Christen-gevangenes en hul families te vertroos en te bemoedig. Bid dat vrees nie Jemenitiese gelowiges sal keer om hul werk voort te sit nie.

## SENTRAAL-ASIË

**Vrydag, 20 Maart**

Ontmoet Nurlan* van Sentraal-Asië. Hy is een van die talle ontvangers van Bybels wat deur Geopende Deure voorsien word. Bid dat hy sal volhard.

**Saterdag, 21 Maart**

Nurlan het dwelms misbruik, maar terwyl hy die Skrif gelees het, het hy die krag gevind om daarmee op te hou. Bid dat God hom en sy gesin sal onderhou.

**Sondag, 22 Maart**

Bid saam met Naira* van Sentraal-Asië. Toe sy met haar kollegas gedeel het dat sy ŉ Christen geword het, het een werknemer ŉ klag by die polisie ingedien. Prys God vir Naira se vrymoedigheid.

**Maandag, 23 Maart**

Naira van Sentraal-Asië sê dat vervolging haar geloof versterk het. Bid asseblief vir haar volharding terwyl sy voortgaan om met mense te werk wat vyandig teenoor haar geloof is.

## SUB-SAHARA AFRIKA

**Dinsdag, 24 Maart**

Prys God! Pastoor Barnabas* van Nigerië het ŉ nuwe huis – hy woon nie meer in ŉ tydelike tent in ŉ oorvol kamp vir ontwortelde mense nie. Dankie vir wat jy gedoen het!

**Woensdag, 25 Maart**

Bid vir krag en herstel vir Napala, ŉ dorp in Mosambiek. Altesaam 120 Christene is dood en twee kerke is vernietig in ŉ vier dae lange aanval deur ekstremiste.

**Donderdag, 26 Maart**

In 2025 is 76 Mosambiekse Christene deur jihadiste doodgemaak en 72 000 mense het uit hul huise



**Name verander weens veiligheidsredes.*

*Pastoor Barnabas wys sy nuwe tuiste.*



gevlug. Bid vir die beskerming en getuienis van Mosambiekse gelowiges.

> **"Bid dat ons land blywende vrede sal hê wat van God kom."**
>
> —PASTOOR DANIEL, DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO (DRK)

**Vrydag, 27 Maart**

Bid saam met pastoor Daniel in die Demokratiese Republiek van die Kongo: “Bid dat ons land blywende vrede sal hê wat van God kom.”

**Saterdag, 28 Maart**

Pastoor Soré se familie het as gevolg van ekstremistiese aanvalle uit hul dorp in Burkina Faso gevlug en gesukkel om te oorleef. Hy en sy gesin het ŉ nuwe huis en ŉ nuwe kerkgebou. Prys God!

**Sondag, 29 Maart**

Pastoor Soré preek weer vir sy klein, maar groeiende, kerk en vervul sy lewensroeping om die Evangelie te deel. Bid dat diegene wat hy onderrig kragtige stemme van geloof sal hê.

**Maandag, 30 Maart**

Bid saam met die Kerk in Nigerië se Kwara-staat. Ná ŉ skaamtelose aanval tydens ŉ kerkdiens bly Christene op hul hoede. Bid vir herstel.

**Dinsdag, 31 Maart**

Pastoor Maturin, ŉ kerkleier in Burkina Faso, het die volgende gedeel: “Die Bybel moedig ons aan om vir ons vyande te bid.” Bid vandag saam met hom.

Geopende Deure

Geopende Deure Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129